

Lêerno.: 27/R
Verwysing: 20230221-1637

Inrigtingsontwikkeling- en -koördineringsminuut: 0001/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Bestuur en Beheer en Kringbestuurders

Onderwerp: Protokol vir die aanstelling van kurator-prinsipale

1. Die Hoof van Onderwys is oorval met versoeke dat prinsipale, kringbestuurders en ander distrikspersoneel wat reeds afgetree het, om verskeie redes aangestel kan word om skole te bestuur.
2. Hierdie protokol het ten doel om distrikskantore by te staan met die werwing, keuring en benoeming van kontrakprinsipale by gewone openbare skole.
3. Die departement sal oorweeg om vir 'n tydperk van nie langer nie as een jaar, 'n afgetrede prinsipaal, kringbestuurder en ander distriksamptenare met tersaaklike bestuurservaring aan te stel as 'n kurator-prinsipaal by 'n nuutgestigte skool, skole met wanfunksionerende senior bestuurspanne, skole wat onderpresteer en nie oor 'n permanente prinsipaal beskik nie, of skole waar die poste vir adjunkprinsipale vakant is en waarnemende aanstellings nie gemaak kan word nie.
4. Wanneer 'n benoeming gemaak word, moet die distrik seker maak die benoemde:
 - 4.1 beskik oor die geskikte kwalifikasies en is professioneel gekwalifiseer.
 - 4.2 het 10 jaar of meer tersaaklike bestuurs- en beheerervaring as 'n prinsipaal van 'n skool wat goed presteer en/of as 'n distriksamptenaar.
 - 4.3 beskik oor grondige bestuursvaardighede om die skool, personeel, leerders en ouers te bestuur en die uitdagings in die gemeenskap te hanteer.
 - 4.4 se dienste is nie in die verlede weens swak gesondheid of wangedrag beëindig nie.

5. Distrikskantore moet verseker dat hulle 'n kort werwings- en keuringsproses volg, wat die volgende insluit:
 - 5.1 'n Onderhoud wat op bevoegdhele in mensbestuur, skoolbestuur (skooladministrasie), kurrikulumbestuur en bestuur van belanghebbers fokus
 - 5.2 'n Praktiese oefening.

6. 'n Formele versoek in die vorm van 'n voorlegging wat die volgende inligting bevat, moet aan die Hoofdirektoraat: Distrikte gerig word sodat die afgevaardigde owerheid 'n ingeligte besluit kan maak:
 - 6.1 'n Motivering wat die redes vir die aanstelling uiteensit
 - 6.2 'n Bondige curriculum vitae wat die vaardighede en ondervinding van die benoemde uiteensit, asook bewyse van enige toepaslike suksesse as prinsipaal en/of distriksamptenaar
 - 6.3 'n Notule van die onderhoud
 - 6.4 DPE 1-vorm (opvoeder se aansoekvorm)
 - 6.5 Bankbesonderhede van die benoemde
 - 6.6 Belastingnommer.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: A MEYER

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING

DATUM: 2023-02-28